

# Hennie du Toit

17 Julie 1941 - 8 Mei 2015

Lofprysingsdiens van

# Hennie du Toit

Dankie aan prof Phil Botha, geliefde familielid van Hennie,
vir die waarneming van die diens.

*Preek van die Kwikkie* deur Julian Muller
Voorgedra deur Klaré van Heerden (Kleindogter)

**JSB II : Lied 9**

Ek roem u Naam, ek wil graag sing,
Ek wil U eer, U hulde bring,
Want daar is trou en liefde by U Heer.

*Refrein*
*Ek wil voor u almag buig, met my hele hart getuig*
*Van u groot ontferming, genade vir 'n sterfling.*
*Ja, daar is geen einde aan u liefde nie.*

My diepste nood bring ek voor U
Ek bid tot U, ek vra U Heer;
Sien my tog raak, genees my grootste seer.

*Refrein*
*Ek wil voor u almag buig, met my hele hart getuig*
*Van u groot ontferming, genade vir 'n sterfling.*
*Ja, daar is geen einde aan u liefde nie.*

**Skriflesing**
Psalm 23

**Huldeblyke**
Karli Stamhuis (Dogter)
Jannie du Toit (Seun)
Marika van Heerden (Dogter)

**Bedankings**
Erich Stamhuis (Skoonseun)

**Oorwinningslied**

Ek sien in my gees die glorie en die almag van die Heer,
die Allerhoogste wat in liefde oor sy koninkryk regeer.
Hy't belowe aan die einde op die wolke kom Hy weer,
Hy is Koning, Hy regeer!

*Loof Hom, prys Hom! Halleluja! (3x)*
*Hy is Koning, Hy regeer!*

Kom deel nou in ons loflied, hef jou hande op na bo.
Blaas basuine, slaan op tromme en kom dans voor God se oë.
Kom leef in die oorwinning van sy Woord waarin ons glo,
want sy Woord sal ewig staan!

*Loof Hom, prys Hom! Halleluja! (3x)*
*Want sy Woord sal ewig staan!*
*Sy Woord sal ewig staan! (2x)*


Verassing sal privaat geskied.

sonjasmith
Elite Funeral Group
Tel: 079 895 4414
www.sonjasmith-funerals.co.za

Hennie, jy was altyd daar vir my, ook om my reg te help met praat en skryf.
Ek kan vir jou maar net Antjie Krog se gedig aanpas en vir jou sê:
"Ek skryf vir jou 'n gedig sonder fênsie leestekens,
sonder woorde wat rym, sonder bywoorde,
net sommer 'n kaalvoetgedig." Ek is lief vir jou – Anne

Oupa, dankie vir al Oupa se kennis wat Oupa met my gedeel het,
dankie vir die voorreg om dit verder saam met my te kan dra.
Oupa was altyd 'n regverdige, positiewe en nederige mens.
Ek weet nou watter eienskappe ek verder saam met my gaan dra.
Ek kyk op na Oupa. Dankie vir die voorreg
om Oupa 16 jaar in my lewe te kon hê.
Ek gee my gunsteling vers vir Oupa, Jes. 43:1 – want ek weet
God het Oupa met oop arms verwelkom. Ek is baie lief vir Oupa! – Klaré






Oupa, Oupa was altyd vinnig met 'n grap en Oupa het 'n swaar situasie gou lig gemaak. Almal kon Oupa se liefde vir jou kleinkinders sien en dankie daarvoor.
Oupa se sin vir humor en wysheid sal altyd by my bly.
Dankie vir wat Oupa vir my beteken het. Liefde, Jan-Hendrik

Oupie dis nie net ons wat jou gaan mis nie! Kasper en Mienkie ook.
Yanik.

**Kom geniet saam met ons verversings in die saal.**

**Draers**

Jannie du Toit (Seun)
Erich Stamhuis (Skoonseun)
Jannie van Heerden (Skoonseun)
Jan-Hendrik van Heerden (Kleinseun)
Karli Stamhuis (Dogter)
Marika van Heerden (Dogter)